# Jesus word gekruisig


*Matteus 27:1-56*



- Benodighede
    - Karton/Papier
        - Groen, Swart, Rooi, Wit en Goud/Geel
    - Skêr
    - Gom

1. Sny 5 ewe groot reghoekies uit die papier, een reghoek/bladsy van elke kleur.
2. Vou al die reghoeke in die helfte.
3. Plaas die groen reghoek op die tafel en smeer sy linkerkantste helfte met gom.
4. Sit die swart bladsy bo op die groene neer en vee die linkerkant mooi plat sodat hy kan plak.
5. Vou nou die swart bladsy toe en smeer met gom.
6. Herhaal stap 4 en 5 nou met die rooi, dan die wit en daarna die goue/geel reghoekies sodat dit saam 'n boekie vorm.
7. As hy klaar is het hy dus 'n groen buite blad en dan 'n swart, rooi, wit en geel bladsy en weer 'n groen aan die einde.
8. As dit makliker/meer pret is kan mens 'n wurmpie ook bou – soos die prentjie.






*Die kleure help ons om die Evangelie te kan onthou en te vertel.*

- *Die **SWART** herinner ons aan ons sonde. Elkeen het sonde en die straf vir die sonde is die dood (Rom 3:23).*
- *Maar Jesus kom sterf aan die kruis en was ons skoon met sy bloed (**ROOI**) – 1 Joh 1:7.*
- *Nou kan ons ons sondes bely en was die Here ons sondes weg en maak ons skoon – so **WIT** soos wol (Ps 51:9).*
- *Daarom kan ons die Ewige Lewe hê in die hemel (**GOUD**) by God – ons is nou Koningskinders (Joh 1:12, 3:16).*
- *Nou moet ons aanhou groei (**GROEN**) in ons geloof en in ons kennis van die Here (2 Pet 3:18)*